# DIE FONTEIN

OUD GEREFORMEERDE KERK ~ Julie 2025



Openbaring 21:6

"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag:** Wat is nog 'n verdere argument van die ongelowiges?

**Antwoord:** Sou die Bybel nie volkome van God afkomstig is nie, dan moes dit van die goeie of slegte engele, of van die goeie of slegte mense afkomstig wees. Maar ons weet dat God self die Outeur van Sy Woord is. Daarom wil God dié God van begenadigde sondaars word in en deur Sy Seun sodat hulle kan uitroep en sê: "Here, Here van die leërskare!" Hierteenoor poog die duiwel voortdurend om die Bybel te vernietig. Ons sien dus dat die Bybel van geen mens afkomstig is nie, soos die woorde, in 2 Petr. 1 vers 20 en 21 ons ook te kenne gee:

**"terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."**

Die hele Bybel bevestig juis dat God self die Maker van Sy Woord is. Die mens in die verlore natuurstaat maak die Bybel af asof dit van 'n mens afkomstig is, daarom sal die wedergeborene openlik getuig en sê: "Alleen deur U Genade neem ek U getuienis aan, daarom wil ek ook na U Woord lewe."

Maar daar is ook nog 'n verdere argument waarmee ons moet rekening hou. Die Bybel wil die mens na God lei en na die Saligmaker op die goeie weg, Hy troos die behoeftige, Hy versterk die kleinmoedige. Sou 'n begenadigde na dié Weg wandel, dan sal hy vrede hê. Dit is waar, diegene wat hierin volhard sal rus en kalmte vind, maar hulle wat in hul verharding voort wandel sal angs en benoudheid in die hart ervaar.

Nog 'n verdere argument. Let op die onoorwinbare Krag van die Woord, nie deur swaard of vervolging soos wat die Turke en die Rooms-Katolieke hul aanvalle loots nie. Elke wedergeborene gebruik alleen die Woord, dit is hul getuienis, daarom moet almal daarvoor buig, selfs die verhardste sondaar. Wanneer die Apostels uitgestuur word om te preek, wat 'n groot krag gaan daarmee gepaard, sodat groot menigtes bekeer word, ja, sodat hulle uiteindelik uitroep: "Here, wat moet ek doen om Salig te word?" So kom elke begenadigde tot die bewuswording, hoe meer ek ooreenkomstig die Woord lewe, hoe veiliger is dit vir my.

**Vraag:** Kan iemand die waaragtigheid van die Woord bestry?

**Antwoord:** Ja, want daar is weinig wat in die hemel sal ingaan, slegs dié mense wat hierdie sekerheid in die hart ervaar. Die duiwel beywer hom onophoudelik om ongeloof te verwek, maar wanneer hierdie goddelose aantygings teen die waaragtigheid van die Woord kom, moet ons nie daaraan toegee nie, inteendeel ons moet onwrikbaar glo dat die Woord waaragtig is en sou die duiwel steeds in sy aanvegtinge volhard moet ons geen gehoor daaraan gee nie, ja, ons moet hom toeroep en sê: "Wyk van my en maak jou eie gevolgtrekkinge!"

**Vraag:** Leer die Bybel ons nie ook hoedat ons God moet ken nie, selfs meer as wat die natuur en ons eie gewete ons leer nie?

**Antwoord:** Ja, dit leer ons dat daar een God is, maar ook wie die God is. Dat daar een Drie-Enige-God is, wat vir 'n onwaardige sondaar Genade skenk. Die Vader se Genade in Sy Seun, selfs ook vir die allergrootste sondaar, dat daar een Vrede-raad, een Middelaar en dat daar een Gees is om die hart te open en die verstand te verlig. Dit leer ons om onsself te ken as ellendige skepsels en dat daar een Verlossing is, wat uiteindelik 'n ware dankbaarheid tot gevolg het.

(Vervolg.)

---



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

## ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

### Hoofstuk 5.

### DIE KENNIS VAN GOD BLYK UIT DIE SKEPPING VAN DIE WÊRELD EN DIE VOORTGESETTE REGERING DAARVAN.

**11. Die suiwere waarheid van God word deur die mens se ydelheid en dwaasheid bederf.**

Maar al sou die Here Homself en sy ewige koninkryk met soveel helderheid in die spieël van sy werke weergee, is ons stompsinnigheid nogtans so groot en word ons vir sulke duidelike getuienis altyd so afgestomp dat dit sonder resultaat verdamp. Sover dit die skepping van die wêreld en die uitmuntende ligging daarvan aangaan: wanneer ons ons oë na die hemel ophef of dit oor die vêrafgeleë streke van die aarde laat dwaal, wie van ons is daar dan wat in die vêrafgeleë plek eerste aan die Skepper daarvan dink en wat nie eerder in die aanskouing van sy werke vassteek en die Skepper daarvan buite rekening laat nie? Sover dit die gebeurtenisse aangaan wat daagliks afgesien van die natuurlike verloop van sake plaasvind, wie van ons dink dan nie dat die mens deur die blinde

wispelturigheid van die noodlot rondgerol en meegesleur word eerder as dat hy deur die voorsienigheid van God geregeer word nie?

Maar as ons dan nog soms deur die gang en verloop van hierdie dinge daartoe gedryf word om oor God na te dink - iets wat noodwendig met alle mense gebeur – verval ons nogtans onmiddellik in die dwaasheid of bose versinsels van ons vlees en deur ons ydelheid bederf ons die suiwere waarheid van God wanneer ons sonder oorleg gevoel van een of ander godheid gevorm het. Ons verskil wel in daardie opsig van mekaar dat elkeen vir homself persoonlik 'n besondere dwaling aanvaar, maar tog is ons in hierdie opsig op 'n haar na gelyk aan mekaar dat die laaste een van ons van die enige ware God na wonderbaarlike beuselagtighede afwyk. Nie alleen gewone en stompsinnige verstande nie, maar ook selfs die uitmuntendste verstande, wat met besondere skerpsinnigheid begaaf is, is in hierdie kwaal verstrik.

Hoe oorvloedig het die hele geslag filosowe hulle stompsinnigheid en dwaasheid nie in hierdie opsig getoon nie? Want om nou maar ander wat baie onnoseler onsin kwytraak, te spaar: Plato, wat die eerbiedwaardigste en nugterste van hulle almal was, verdwyn ook saam met sy ronde sfeer. Wat sou dan met die ander filosowe gebeur terwyl hulle leiers, wie se taak dit was om die res voor te lig, so begogeld is en struikel? Net so, wanneer die bestiering van die mensdom maar te duidelik 'n voorsienigheid bewys sodat dit nie verloën kan word nie, word hieruit egter geen verdere voordeel geput as wanneer die mens sou glo dat alle dinge na willekeur volgens die wens van die noodlot heen en weer geslinger word nie. So groot is ons neiging tot ydelheid en dwaling. Ek praat hier altyd van die uitmuntendste verstande en nie van die gewone verstand van wie se waansin tot die toppunt van die ontheiliging van God se waarheid gevorder het nie.

### 12. Die natuur alleen is nie genoegsaam om ons kennis van God te gee nie.

Hieruit spruit die eindelose stroom dwalings waarmee die hele wêreld gevul en bedek was. Want elkeen se verstand is vir hom soos 'n doolhof, sodat dit nie 'n wonder is dat elke volk tot 'n verskeidenheid verdigsels verlei is nie. En nie alleen dit nie, maar ook dat bykans elke mens sy eie gode het. Want namate onbesonnenheid en losbandigheid hulle onkunde en duisternis vergesel het, was daar beswaarlik ooit een te vinde wat nie

vir homself ’n afgod of ’n skim in die plek van God gesmee het nie. Soos water wat ryklik uit ’n groot fontein uitborrel, het ’n eindelose skare gode uit die mensdom se verstand voortgevloei, terwyl elkeen deur te teuelloos af te dwaal verkeerdelik die een of die ander versinsel oor God skep. Dit is egter nie nodig om hier ’n lys saam te stel van die bygelowe waarin die wêreld verstrengel was nie, omdat daar geen einde aan sou wees nie. Hoewel daar geen woord van gerep word nie, blyk dit uit soveel bedorwe dade van die mens genoegsaam hoe verskriklik die blindheid van sy verstand is.

Ek laat die growwe ongeletterde massa maar agterweë. Maar hoe ’n skandelike uiteenlopendheid is daar nie onder die filosowe wat gepoog het om met hulle rede en geleerdheid die hemel binne te dring nie? Namate elkeen van hulle met ’n groter verstand bedeeld was en deur kuns en wetenskap beskaaf, het dit gelyk asof hy sy opvattings ook met indrukwekkende kleure tint; maar as ’n mens hulle tog van naderby ondersoek, sal hy vind dat hulle soos rookdamp verdwyn.

Vir die Stoisyne het dit gelyk asof hulle skerpsinnig redeneer toe hulle gesê het dat verskeie name van God uit alle fasette van die natuur afgelei kan word en dat die een God tog nie daarom verskeur word nie. Net asof ons nie alreeds meer as genoeg tot ydelheid geneig is, sonder dat ’n veelvuldige menigte gode ook nog aan ons voorgehou word en ons nog verder en met meer geweld in die dwaling meesleur nie!

Selfs die mistieke teologie van die Egiptenare dui daarop dat hulle hul almal naarstiglik daarop toegelê het om nie die indruk te skep dat hulle sonder rede dwaas is nie. En met die eerste oogopslag sou iets die eenvoudiges en onversigtige miskien nog kon mislei asof dit aanneemlik is, maar geen sterfling het al ooit iets uitgedink waardeur die godsdiens nie skandelik bederf is nie.

En hierdie verskille wat so verward is, het aan die Epikureërs en ander growwe veragters van godsvrug die durf gegee om alle gevoel vir God te verwerp. Want toe hulle sien dat al die verstandigste mense met teenstrydige opvattings met mekaar bots, het hulle nie geaarsel om uit hulle twis en uit elkeen se waardelose en sinnelose leer die afleiding te maak dat die mensdom tevergeefs en dwaas die kwellinge homself op die hals haal wanneer hy ’n God navors wat nie bestaan nie. Hulle het gemeen dat hulle dit ongestraf kan doen, omdat dit vir hulle verkieslik gelyk het

om kortweg God volkome te verloën eerder as om onsekere gode te versin en daarop geskille te veroorsaak wat geen einde sou hê nie. Maar hulle redeneer uitermatig onverstandig, of eerder: hulle gooi ’n wolk oor die onkunde van die mensdom om hulle goddeloosheid te bedek. Dit is onbillik om na aanleiding daarvan afbreuk aan God te doen.

Maar aangesien hulle almal erken dat daar niks is waaroor geleerdes sowel as ongeleerdes soveel van mekaar verskil nie, kan daaruit afgelei word dat die mens se verstand, wat in sy soeke na God dwaal, nog meer afgestomp en blind is ten opsigte van die hemelse geheimenisse. Sommige mense swaai Simonides se antwoord lof toe. Toe hy deur die tiran Hiero gevra is wat God is, het hy versoek dat een dag aan hom vergun moes word om daaroor na te dink. Toe die tiran op die volgende dag dieselfde vraag aan hom gestel het, het hy uiteindelik geantwoord: “Hoe langer ek daaroor nadink, hoe duisterder lyk dit vir my”. Hy mag sekerlik sy oordeel oor ’n saak wat vir hom duister was, onbeslis gelaat het, maar tog blyk hieruit dat as die mense slegs deur die natuur onderrig is, hy geen sekerheid, geen vastheid en geen onderskeid het om aan vas te hou nie; maar dat hulle slegs aan verwarde beginsels vasklou om ’n onbekende god te aanbid.

### 13. Die gees verwerp alle eiesinnige aanbidding.

Nou moet ons ook begryp dat al die mense wat die suiwere godsdiens vervals, soos noodwendig moet gebeur met almal wat aan hulle eie opvatting uitgelewer is, afwyk van die enige God. Hulle sal wel verkondig dat dit nie hulle doel is nie, maar wat hulle doel is en waarvan hulle hul wysmaak, het weinig met die saak te doen, omdat die Heilige Gees verklaar dat almal afvalliges is wat volgens die duisternis van hulle verstand duiwels in die plek van God stel. Om hierdie rede verklaar Paulus dat die Efesiërs sonder God was totdat hulle uit die evangelie geleer het wat dit beteken om die ware God te dien. Ons behoort sy verklaring ook nie tot slegs een volk te beperk nie, want elders verklaar hy dat alle mense oor die algemeen in hulle oorlegginge dwaas geword het nadat die majesteit van die Skepper in die skepping van die wêreld aan hulle geopenbaar is. Daarom verdoem die Skrif elke vorm van godheid wat eens onder die heidene geroem is, as valsheid en leuentaal om net vir die ware en enige God plek in te ruim; en dit laat geen ander godheid oor nie behalwe God op die berg Sion, waar ’n besondere kennis van God in swang was.

Onder die heidene het die Samaritane klaarblyklik in die tyd van Christus gewis die naaste aan ware godsvrug gekom. Tog verneem ons uit die mond van Christus dat hulle nie geweet het wat hulle dien nie. Daaruit volg dat hulle deur hulle ydele dwaling mislei was. Kortom, hoewel hulle nie almal onder growwe gebreke gebuk gegaan of in openlike afgodediens verval het nie, was daar tog geen suiwer en aanneemlike godsdiens nie, aangesien dit op algemene gevoel gebaseer was.

Want hoewel 'n handjie vol nie in die algemene waansin opgegaan het nie, bly die leer van Paulus nogtans onveranderd, naamlik dat die wysheid van God nie deur die owerstes van hierdie wêreld begryp word nie. Maar as al die uitnemendste mense dan in die duisternis gedwaal het, wat sal ons dan van die skuim sê? Dit is daarom nie verbasend nie as die Heilige Gees elke vorm van aanbidding wat deur die menslike oordeel uitgedink is, as oneg verwerp, omdat elke opvatting oor die hemelse geheimenisse wat uit die mens voortkom, tog die moeder van die dwaling is, as oneg verwerp, al sou dit nie altyd 'n groot menigte dwalings voortbring nie. En al sou daarby niks slegters kom nie, is dit tog nie 'n ligte oortreding om toevallig 'n onbekende God te aanbid nie. volgens die woorde van Christus word elkeen wat nie uit die wet geleer is watter God hy moet aanbid nie, aan hierdie oortreding skuldig. En die beste wetgewers onder hulle het gewis nie verder gevorder as dat die godsdiens op openbare instelling gevestig moes wees nie. Ja, in Xenophon se werke swaai Sokrates die antwoord van Apollo selfs lof toe, omdat hy daarin voorskryf dat elkeen volgens die gebruik van sy vaders en die gewoonte van sy gode moes dien.

Maar vanwaar kry sterflinge die reg om op eie gesag te bepaal wat ver bo die wêreld verhewe is? Of wie sou so in die besluite van sy voorouers of in die bepalings van 'n volk kan berus dat hy sonder twyfel 'n god sou aanvaar wat deur die mens aan hom oorgelewer is? Elkeen sal liewer op sy eie oordeel steun as om hom aan die beslissing van 'n ander te onderwerp. Maar aangesien dit 'n te onbestendige en brose band van godsvrug is om in die aanbidding van God die gewoonte van 'n stad of die instemming van die oudheid na te volg, bly daar niks anders oor as dat God self uit die hemel van Homself moet getuig nie.

**14. Sonder geloof is die mens blind vir die helder lig van God se heerlikheid wat uit die skepping straal.**

Gevolglik laat soveel lampe wat in die skepping van die wêreld aangesteek is om die heerlikheid van sy Skepper te verklaar, tevergeefs hulle lig vir ons skyn. Hoewel dit ons van alle kante af bestraal, kan dit ons op sigself nie op die regte pad bring nie. Dit verwek wel enkele vonkies, maar dit word uitgedoof nog voordat dit ’n voller glans kan afgee. Daarom het die apostel juis op die plek waar hy die wêreld ’n afbeelding van die onsienlike Godheid wel met so ’n skouspel weergegee word maar dat ons oë nie by magte is om dit te aanskou nie tensy die openbaring van God binne-in ons hulle deur die geloof verlig.

En wanneer Paulus ons leer dat dit wat ons aangaande God moet ken, uit die skepping van die wêreld openbaar gemaak word, bedoel hy nie so ’n openbaring wat die mens met sy skerpsinnigheid kan begryp nie, maar hy dui eerder aan dat dit nie verder strek as om die mens onverskoonbaar te maak nie.

Hoewel Paulus ook elders sê dat ons God nie ver moet soek nie, aangesien Hy binne-in ons woon, leer hy ons tog op ’n ander plek waartoe so ’n nabyheid dien. Hy sê: “In vergange geslagte het die Here die heidene toegelaat om in hulle eie wee te wandel. Tog het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie: Hy het sy weldade uit die hemel gestuur, aan hulle reën en vrugbare tye gegee en die hart van die mens met spyse gevul”. Hoewel die Here dus nie sonder getuienis is wanneer Hy die mens vriendelik deur sy menigvuldige en uiteenlopende milddadigheid lok om Hom te leer ken nie, hou die mens tog nie daarom op om sy eie wee, dit is die verderflike dwalings, te volg nie.

### 15. Die mens is sonder verontskuldiging.


En hoewel dit ons aan die natuurlike vermoë ontbreek om tot die suiwere en heldere kennis van God op te styg, is elke vorm van ontvlugting ons ontneem, omdat die sondige gebrek van ons onverstandigheid binne-in ons is. Want ons kan ons onkunde nie so versluier sonder dat ons gewete ons altyd van traagheid en ondankbaarheid oortuig nie. Net asof dit as ’n geldige verdediging aangebied kan word indien die mens die voorwendsel gebruik dat hy nie ore gehad het om die waarheid te hoor nie, terwyl stomme skepsels sonder oë vir hom aanwys; indien hy die swakheid van sy verstand as verontskuldiging aanvoer wanneer alle skepsele sonder verstand dit vir hom leer.

Daarom word ons met reg volkome van alle verontskuldiging uitgesluit omdat ons weifelend swerf en afdwaal hoewel alles vir ons die regte weg aandui. Want hoewel dit aan ’n gebrek van die mensdom te wyte is dat hulle die saak van die kennis van God wat deur die wonderbaarlike werking van die natuur oor hulle verstand gestrooi is, dadelik vernietig sodat dit nie tot goeie en egte vrugte kom nie, is dit tog baie waar dat ons nie deur die blote en eenvoudige getuienis wat sy skepsels skitterend tot eer van God aflê, genoegsaam geleer word nie.

Want sodra ons na aanleiding van ons verkenning van die wêreld net effens aan sy Godheid geproe het, laat ons die ware God agterweë en stel drome en hersenskimme in sy plek en ons dra die lof vir sy geregtigheid, wysheid, goedertierenheid en mag juis uit die bron daarvan op iets anders oor. Voorts verduister ons sy werke of verwring dit so deur dit verkeerd te waardeer dat ons sy heerlikheid van sy werke en die verskuldigde lof betoon van die Skepper wegneem.

(Vervolg.)

---



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

## HOOFSTUK 7

## ’N GEWIGTIGE REIS.

Toe Luther met die Pous en met Rome gebreek het, het hy hom op die Keiser beroep. Dit was die jeugdige Karel V, wat eers kort tevore tot Keiser gekies was, omdat Luther se beskermer, die wyse Frederik van Sakse, vir die eer bedank het. Maar dit was nie net Luther wat die beslissing van die Keiser afgewag het nie. Pous Leo, wat die hervormer in die kerklike ban gedoen het, het toe gewens dat Karel V die Ryksban oor hom sou uitspreek. As die Pous en die Keiser hulle saam sou verenig teen die nietige monnik, dan sou die stryd oor die godsdiens tog gou afgeloop wees.

Maar die magtige Keiser het begryp dat hy Luther nie dadelik in die ban kon doen nie sonder om homself en sy eie aansien skade aan te doen nie. Daarom besluit hy toe om Luther voor die Ryksdag te daag, wat binnekort in Worms sou gehou word. Behalwe baie ander sake sou ook die stryd, wat deur Luther begin is, voor die Ryksdag dien en daaroor ’n besluit geneem word.

Die afgesant van die Pous was hieroor woedend. Hy het gemeen, dat so ’n ketter soos Luther glad nie in Worms mag kom nie en het sy uiterste bes gedoen om dit te verhinder. Maar hoewel hy op die Ryksdag ’n pragtige rede hou en al het hy ook probeer om sommige lede met geld om te koop,

het alles hom niks gebaat nie. Die meeste lede van die Ryksdag was dit eens met die jeugdige Karel en wou Maarten Luther liewer voor hulle laat verskyn.

Op die 26 ste Maart 1521 het, tot groot verbasing van die inwoners, die keiserlike boodskapper in Wittenberg gekom en hom na Luther begeef, om hom ’n brief van sy deurlugtige heer te oorhandig. Wat het daarin gestaan? Dat Luther hom so gou moontlik na Worms moes begewe om hom daar oor sy leer te kom verantwoord. “Vrees geen onreg of geweld nie,” het die Keiser geskrywe. “Ons gee jou ’n vrygeleide van 21 dae.” In die opskrif van die brief het hy Luther genoem: “Eerbare, Eerwaarde en Godsalige”.

Dit was vriendelik genoeg van so ’n groot heer soos die Keiser. Tog het Luther se vriende daar min vertroue in gestel. “Bly liewer tuis!” het hulle vir Luther gesê, “want in Worms sal hulle jou verbrand, net soos dit honderd jaar gelede met Johannes Hus gebeur het.” Maar die moedige man wou nie tuisbly nie. “Dieselfde God leef en heers nog,” het hy gesê, “wat die drie jongmanne in die vurige oond bewaar het. Vlug kan ek nie en herroep nog minder! Mag die Here Jesus my daartoe help!”

Toe hy op 2 April vertrek, het hy aan sy troue vriend Melanchton gesê: “As ek nie terugkom nie en dit my vyande geluk om my te vermoor, dan besweer ek jou, liewe broer, hou nie op om te leer en in die waarheid te volhard nie. Jy kan dit nog beter as ek doen. Solank jy oorbly, sal my dood maar min beteken.

Die Raad van Wittenberg het vir Luther, om vir hom die reis geriefliker te laat wees, ’n Saksiese waentjie op lae wiele gegee met ’n linne kap daarop. Daarin het Luther met drie van sy vriende gesit, terwyl die boodskapper in sy ampsgewaad met die keiserlike adelaar op sy bors, vergesel van ’n ry kneg, vooruit gery het. Honderde inwoners van Wittenberg het van hul geliefde prediker afskeid geneem, party met bewoë harte en trane in die oë en in die nood dat hulle die troue dienskneg van God nooit weer sou sien nie. Hiervoor het verreweg die meeste mense gevrees. Die dapper Duitse ridder Ulrich von Hutten, wat vir Luther baie lief gehad het, het ’n brief aan die Keiser geskrywe, waarin hy moedig vir sy vriend opgekom het. “Die hele Duitsland,” so het hy geskrywe, “val voor u op die knieë neer, smeek u met trane, roep u hulp, u medelye en u getrouheid in!”

Sou die roepstemme help? Die meeste mense het gevrees hulle was tevergeefs. Toe Luther in Naumburg aankom, het die bejaarde priester, wat daar gewoon het, met ’n somber gelaat hom tegemoetgeloop en hom

swyend die beeld van die Italiaanse hervormer Savonarola, ’n martelaar, gegee, wat in Florence as loon vir sy godsvrug op die brandstapel sy lewe moes eindig.

Luther het hom egter nie van stryk laat bring nie, ook nie toe hulle in Gotha voorspel het, dat hy in Worms verbrand sou word.

“Al steek hulle ’n vuur van Worms tot by Wittenberg aan,” was sy heldhaftige antwoord, “waarvan die vlamme tot aan die hemel sou reik, tog sou ek daardeur in die Naam van die Here gaan. Ek sou die kake van die Behemoth binnedring, sy tande verbreek en die Here Jesus Christus verkondig.”

Dit het hom op sy moeilike reis tog nie ontbreek aan aangename ontmoetings nie. Toe hy Erfurt nader, die stad waar hy as jongeling gestudeer het, het ’n aantal ruiters te perd hom tegemoetgekom, sy rytuig as ’n erewag omring en hom na die stad geleide gedoen, waar honderde inwoners hom met uitbundige gejuig en vreugde sien inry het.

Die mense wou hom graag hoor preek en niks het Luther liewer as dit gedoen nie. Die Sondag na Paasfees het hy die Evangelie in die stampvolle Augustyner kerk verkondig. Die kerkgangers het met die grootste aandag na hom geluister, toe skielik ’n hewige skrik die toehoorders aangryp. Een van die galerye het gekraak en gedreig om ineen te stort onder die gewig van die menigte. Die mense wat onder die galery gesit het, wou vlug, maar Luther sê met luide stem: “Bly almal hier en moenie vrees nie. Die duiwel probeer om my te verhinder om in Erfurt die Evangelie te verkondig, maar dit sal hom nie geluk nie.” Toe gaan die moedige prediker kalm met sy rede voort, asof daar niks gebeur het nie en die menigte, weer gerusgestel, het tot die einde toe geluister.

Oral het Luther groot belangstelling ondervind. Eenmaal, toe hy op sy reis ’n herberg binnekom, het ’n offisier na hom geloop en gevra: “Is u die man wat onderneem het om die Kerk te hervorm? Meen u dat u daarin sal slaag?”

“Ja,” was Luther se antwoord, “ek is die man. Ek vertrou op God Almagtig, wie se woord en wil ek voor oë het.”

Met aandoening en bewondering het die offisier hom aangesien en gesê: “Ek is ’n dienaar van Keiser Karel; maar u Heer is groter as myne. Hy sal u help en u bewaar.”

Selfs op 'n paar uur afstand van Worms het hulle nog probeer om hom terug te hou. Dit het nie net sy vriende, wat vir sy lewe gevrees het, gedoen nie, maar ook sy vyande wat bang was vir sy magtige woord.

In Oppenheim het 'n troep ruiters hom tegemoet gekom, wat hom na 'n sterk kasteel wou neem, waar hy sonder lewensgevaar met sy vyande kon onderhandel. Luther het egter geweier en sy reis voortgesit. 'n Paar uur later het 'n bode hom tegemoetgesnel om hom, uit naam van die hofprediker Spalatinus, te waarsku met die woorde: "As jy jou lewe lief het kom dan Worms nie binne nie." Luther se antwoord was egter: "Gaan sê vir jou meester, al was daar in Worms soveel duiwels as panne op die dakke, tog sou ek daarheen gaan."

So het Luther die oggend van die 16de April om tienuur in die stad aangekom. Honderd edelliede het hom te perd tegemoetgery, terwyl ongeveer tweeduisend mense hom by die poort ingewag en daarvandaan op sy tog deur die strate vergesel het.

Die toeloop was selfs groter as by geleentheid van die intog van die Keiser. Met moeite het die boodskapper sy weg deur die menigte, tot voor Luther se bestemde tuisplek, gebaan. Toe die hervormer afklim van die wa was dit g'n duiwel met horings en bokpote, wat die mense gesien het nie, soos sommige van die priesters vir hulle wysgemaak het, maar eenvoudige, vriendelike monnik, wat op rustige, byna vrolike toon sê: "God sal aan my kant staan!"

Luther was moeg van die reis, maar in die herberg was daar vir hom min rus. Tot laat in die nag het baie mense hom kom besoek, wat tog die wonderman graag wou sien, wat gedurf het om Pous en Keiser te trotseer.

Toe hy eindelik alleen was, het hy hom ter ruste begewe, maar kon nie slaap nie. Hy neem toe sy luit en begin 'n lied te sing. Daarna maak hy die venster oop en aanskou die stad, in doodse stilte gehul, waarin so baie vyande hom die volgende dag sou bedreig. Maar bokant sy hoof het hy sterre, deur die hand van God bestuur, getintel. Die God sou hom ook môre help en Luther lê hom toe ter ruste neer, met sy vertroue op die bystand van sy Vader in die hemele.

(Vervolg.)

---



# PRESIDENT S.J.P. KRUGER

## SY STRYD VIR DIE ONAFHANKLIKHEID EN VRYHEID VAN SY VOLK.

Wat voorafgegaan het, was Paul Kruger se leerskool, Moses moes 'n leerskool deurmaak, eers aan die hof van Farao en later in Midian; ook Paul Kruger moes gebrei word voordat hy geroep is om in die aller moeilikste tye van sy volk se geskiedenis leiding te kan gee. Op die tyd van voorbereiding het die storm periode gevolg, onafgebroke tot met sy dood. Ons besien hierdie heroïese worstel tydperk onder vyf hoofde; -

(i) Die Vryheidsoorlog 1880 -1881.
(ii) Eerste Presidentskap, Febr. 1883 - Mei 1888
(iii) Tweede Presidentskap, Mei 1888 - Mei 1883
(iv) Derde Presidentskap, Mei 1893 - Mei 1898
(v) Vierde Presidentskap, Mei 1898 - tot met sy dood, 14 Julie 1904.

Die Vryheidsoorlog 1880 – 1881.

Op 12 April 1877 het die onwettige anneksasie van Transvaal deur Shepstone plaasgevind, 'n daad wat niks anders as onwettige roof was nie.

Oënskynlik is dit gedoen onder voorwendsel dat die Transvaalse staat te swak was om sy eie huis in orde te bring, veral wat die naturelle-bevolking betref, maar daar is genoegsaam dokumentêre bewys dat Lord Carnarvon, Britse Minister van Kolonies, sedert 1874 besiel was met die idee om 'n Konfederasie van state en kolonies in Suid-Afrika te bewerkstellig.

Hy het tereg moeilikhede met die Suid-Afrikaanse Republiek voorsien, maar was oortuig dat as hy die Republiek kon kleinkry, die Oranje-Vrystaat ook die vlag spoedig sal moet stryk. Om sy planne te bevorder is eers die geskiedkundige James Anthony Froude in 1874 na Suid-Afrika gestuur en na hom Kolonel (Sir George Pomeroy) Colley. Blykbaar het hulle nie veel kon uitrig nie; maar Carnarvon het in sy plan volhard en in Julie 1876 in sy kantoor 'n konferensie met Sir Theophilius Shepstone gehad oor sy konfederasie planne. Shepstone (onder die Transvalers bekend as "ou Stoffel Slypsteen) was al vir dertig jaar in Natal een van die Engelse hoofamptenare in verband met naturellesake; in die oog dus van Carnarvon 'n groot outoriteit oor Afrikaanse sake.

Die resultaat van die samespreking was die besluit om die Transvaal te annekseer, want onmiddellik daarna het Carnarvon die saak aan die Britse Kabinet meegedeel en van sy mede ministers toestemming verkry.

Hierop het die aanstelling van Shepstone as Kommissaris van die Transvaalse Republiek gevolg. Reeds in Desember 1876 skryf Shepstone uit Pietermaritzburg aan President Burgers, dat hy weens moeilikhede in Transvaal opdrag van die Britse regering ontvang het om persoonlik ondersoek in te stel en hy besluit het om in Januarie 1877 na Pretoria te kom om aan die opdrag te voldoen.

Dit spreek vanself dat hierdie brief verbasing verwek het. President Burgers en sy Volksraad het van geen besondere moeilikhede geweet nie. Moeilikheid was daar met Sekoekoeni, maar hy het reeds om vrede gevra. Daar was dus allerweë verbasing oor so 'n besoek, wat nog meer gestyg het toe Shepstone laat verstaan het dat Transvaal "inherent" swak is en daar groot gevaar dreig van die Zoeloes onder hulle heldhaftige opperhoof Ketsjwaio.

Uit al die getuienisse blyk dit dat Paul Kruger al baie vroeg lont geruik het, hoewel hy natuurlik niks geweet het van Shepstone se anneksasie plan nie. Teenoor die President het Kruger hom o.a. uitgelaat met die woorde: "Ek sou hom nie die Transvaal laat inkom het nie sonder 'n gewapende begeleiding."

Van die begin af het Kruger Shepstone nie vertrou nie. Shepstone het by alle onderhandelinge met die Transvaalse Regering net op een noot gedruk: ons enigste veiligheid in Suid-Afrika lê in vereniging onder een hoof.

Die betekenis van hierdie woorde het Kruger gepeil en gesê: "Soos ek die saak dan verstaan het ons niks te sê nie, maar word ons eenvoudig gevra om ons te onderwerp".

Kruger het visie gehad en intuïtief gevoel dat Shepstone met al sy mooipraat en resepsies wat hy gegee het, besig was om die Transvaalse volk van sy onafhanklikheid te beroof.

Paul Kruger, die Calvinis, was reg in sy vermoede. Die weerklank uit die siel van Shepstone het vir hom nie reg geklink nie. Die klank was vals en 'n egte, stoere Calvinis, soos hy in woord en daad was, het onmiddellik daaruit "gevaar" gekonstateer.

Sy vrees is bewaarheid. By proklamasie is op 12 April 1877 die Suid-Afrikaanse Republiek geannekseer.

Niemand anders as Manfred Nathan skryf in sy boek hierdie betekenisvolle woorde: "With the annexation, the iron had entered into Paul Kruger's soul".

Dit beteken ystersterke aksie aan die kant van die vaderlander wat net een doel voor oë gehad het: die vryheid van die Afrikanerdom in Transvaal.

Die gemene daad, oënskynlik net van Shepstone, maar in werklikheid onder goedkeuring van die Britse Kabinet, waarvan Kruger nie kon geweet het nie, het die man van een Boek, die Woord van God, vol-op in aksie geroep. Die gloed van heilige haat en heilige vloek het die yster tot staal gemaak.

Onverbiddelike verset het siel en liggaam van die groot Afrikander gestaal om vir reg, waarheid en vryheid in die bres te tree.

By intuïsie het sy volk aangevoel dat hy in die allereerste plek hoof van die eerste deputasie na Engeland moet gaan om die regverdige saak van sy volk daar by die ministers te gaan bepleit.

Teen hierdie tyd was Paul Kruger volkome "roepingsbewus", net soos Moses teenoor die magtige Egiptiese ryk. Moses het nog die voordeel en voorreg gehad dat hy aan die Egiptiese hof opgevoed is; was dus tuis in al die fynhede en pligpleginge van hoë kringe. Paul Kruger was 'n man van die bosveld met sy leeus, tiers en krokodille. Tog het hy geen oomblik

geaarsel nie. Dr. E. J. P. Jorrisen was die ander deputaat, terwyl W. E. Bok as hulle sekretaris opgetree het.

Paul Kruger was reeds ’n man van 52 jaar. Op hierdie leeftyd het in daardie tyd die Afrikaanse Boer hom as oud beskou en sy boerdery en sake aan die kinders oorgelaat.

Hier was ’n man wat nie alleen sy eie boerdery op Boekenhoutfontein in Rustenburg moes behartig nie, maar ook die saak van die Afrikanerdom in gans Suid-Afrika. Nie net Transvaal nie, maar gans Suid-Afrika.

Hulle het gegaan en in Julie 1877 die minister in Londen ontmoet.

Teleurstelling! Diep krenkend – onwaardig!

Eerstens: ’n Berig van Shepstone is voorgelees deur Carnarvon wat vermeld het dat die meerderheid van die Volksraad en van die Transvaalse volk ten gunste van die anneksasie was.

Tweedens: ’n Brief van die hand van Ds. Jooste, Predikant van die Nederduits-Hervormde Kerk te Potchefstroom in die “Zuid-Afrikaan” met die vermelding dat hy deur Transvaal gereis het en dat 96% van die bevolking van Transvaal ten gunste van anneksasie was; dat die ontevredenes maar net die “Doppers” was, die mense van Kruger se kerk.

Derdens: het die minister die hartlike ontvangs van hoofregter Kotze in Pretoria aangevoer as ’n argument dat die anneksasie nie so in onguns was nie.

Wat Kotze betref moet in gedagte gehou word dat hy reeds deur President Burgers benoem was en dat hy na die anneksasie deur Shepstone uitgenooi is om die amp onder Britse administrasie waar te neem.

Shepstone se brief is verklaarbaar, hy en die minister het reeds in 1876 saamgekonkel oor die anneksasie van Transvaal. Maar Ds. Jooste? Ons kan maar net ’n vraagteken plaas.

Op die verpletterende informasie van die minister het Kruger die teenwoordigheid van gees gehad om sê: “Wel, minister: ons sal daardie informasie deur ’n volkstemming toets”.

Hierop was die antwoord: “dis ’n outydse gewoonte: onder die konstitusie van vry Engeland doen ons nie meer sulke dinge nie”.

’n Mens sou net die teenoorgestelde verwag. Vry Engeland – juis! Maar laat die vryheid dan tot openbaring kom. Laat die bewering van Shepstone en Jooste getoets word deur die volk te laat stem.

Die minister wou daar nie van hoor nie, maar Paul Kruger was op daardie punt beslis.

Die minister was egter ook beslis en het die deputasie laat verstaan dat die anneksasie onherroeplik is. By hierdie geleentheid het hy, soos reeds vermeld is, Kruger 'n betrekking aangebied wat verdere bewys is dat hy nie daaraan gedink het om ten opsigte van die anneksasie 'n ander houding in te neem nie.

Die houding van die eerste deputaatskap was dus nul. Kruger het dit egter nie hierby gelaat nie. dadelik na sy terugkoms in Transvaal in Desember 1877 het hy hom beywer om daardie valse berigte van die minister met werklike feite te weerlê. Volksvergaderings is oral in die land gehou en dit nieteenstaande Shepstone probeer het om die volk met proklamasie te intimideer. Die burgers, onder die kragtige en besielende leiding van Kruger het hulle nie daaraan gesteur nie.

Besluit is dat 'n volkstemming gehou moet word en dat die Kommissie wat benoem is op 4 April 1878 op Doornfontein, Pretoria, verslag moes uitbring.

Dit spreek vanself dat so iets glad nie na die sin van Shepstone was nie. Hy het laat weet dat hy dit nie sou toelaat nie. Kruger is dadelik Pretoria toe om Shepstone persoonlik te gaan sien. Hy het hom gesê dat hy nie die volkstemming nie kan en mag belet nie. Hy (Shepstone) het teenoor Carnarvon beweer dat die meerderheid van die Volksraad en volk ten gunste van die anneksasie was en hy (Paul Kruger) beweer net die teenoorgestelde. Hy wil dus nie vir 'n leuenaar deurgaan nie. Die volkstemming moet beslis of Shepstone moet erken dat sy bewering onwaar is.

Paul Kruger het Shepstone in die hoek gehad en hoewel baie teen sy sin, moes hy die stemming toelaat.

Op die bepaalde datum het die Kommissie verslag gedoen. Daar was 125 memories met 6,591 naamtekeninge teen anneksasie en 31 met 578 name daarvoor.

In een van sy briewe aan die Britse regering het Shepstone verklaar dat die volwasse manlike bevolking in Transvaal uit ongeveer 8,000 bestaan.

Te oordeel na hierdie getal was die uitslag vir Shepstone verpletterend en vir Paul Kruger natuurlik besonder aanmoedigend.

Besluit is dat weer ’n deputaatskap na Engeland moet gaan om met die petisie gewapend hulle regte te gaan bepleit. Hierdie keer het die deputasie bestaan uit Paul Kruger, wat nog by sy volk gefungeer het as Visepresident van die Suid-Afrikaanse Republiek, P.J. Joubert, die latere Kommandant-generaal en W.E. Bok as sekretaris.

By hulle aankoms in Londen in Julie het hulle gevind dat Carnarvon deur Sir Michael Hicks Beach as minister van kolonies vervang was.

By een van die ontmoetinge het die minister die deputaatskap gevra of hulle al van een enkele geval gehoor het waar die Britse leeu laat los het waar hy sy klou ingeslaan het.

Onmiddellik was Kruger se antwoord: “Ja, die Oranje-Vrystaat”. Dit was ’n dooddoener.  Weer het die onderhandeling op niks uitgeloop nie.

Hierdie keer het die minister dit weer oor ’n ander boeg gegooi. Die onomstootlike feit van die memories kon nie meer geloën word nie, maar, het die minister gesê, hy kan nie daaraan soveel waarde heg as die deputaatskap nie, omdat die burgers, (soos hy natuurlik van berigte uit Transvaal verneem het) onder intimidasie en dreigemente geteken het. Maar gestel dat die memories werklik uitdrukking gee aan die gevoelens van die burgers (So het hy verder geredeneer) dan nog is die getal besonder klein en min in vergelyking met die ontsaglike aantal naturelle in die land, sodat hulle tog nie enige hoop kan hê om die land met sukses te regeer nie.

Dit is baie duidelik: daar was niks te hale nie, maar voor die deputasie vertrek het, het hulle in ’n skrywe die minister laat verstaan dat hulle dit hulle plig ag om as verantwoordelike persone die minister te laat verstaan dat sy beleid hoegenaamd geen tevredenheid sal gee nie en dat hulle geen verantwoordelikheid neem as in daardie beleid volhard word nie.

Dit was teleurstelling op teleurstelling, maar Paul Kruger het geen oomblik gewankel of geweifel nie; standvastig was sy leiding om die onwettige anneksasie ongedaan te maak.

In Desember 1878 was die deputasie weer terug en het op 10 Januarie 1879 op Wonderfontein, distrik Potchefstroom, waar sowat 3,000 burgers was, verslag gedoen van hulle sending.

Die ontevredenheid en opgewondenheid was groot sodat baie reeds begin praat het om die Engelse te skiet. Kruger met die ander leiers het die

gemoedere egter laat bedaar en die burgers laat verstaan dat hulle eers in die uiterste geval tot so ’n stap moes oorgaan.

Intussen is Joubert na Natal gestuur om daar met die hoë Kommissaris, Sir Bartle Frere, ’n onderhoud te hê. Hy het hom op 4 Februarie 1879 in Pietermaritzburg ontmoet. Frere het Joubert weer laat verstaan dat Transvaal nie sy onafhanklikheid sal kry nie, maar het verder alles belowe, selfregering en ’n vry konstitusie. Hierby het hy gevoeg dat as die volk uit onkunde die aanbod weier, hy Kruger en Joubert verantwoordelik sal hou.

Wat ’n spotterny met die hoogste ideaal van ’n volk! Jy beroof ’n volk van sy vryheid en onafhanklikheid en as dieselfde volk op so ’n sterk moontlike wyse, maar langs konstitusionele weg uitdrukking gee aan sy hoogste begeerte om vry te wees, dan word hierdie drang aan onkunde toegeskryf!

Dit is begryplik dat Joubert maar net sy skouers opgehaal en gesê het: die volk wil vry wees.

Dit is onnodig om al die onderhandelings wat die boere voormanne met Kruger as die leier, gedurende die jaar 1879, met sir Bartle Frere, Sir W. Owen Lanyon (deur die Boere Langjan genoem; hy het Shepstone opgevolg) en Sir Garnet Wolseley gehad het.

Dit was alles vergeefse moeite en vir Kruger en die ander voormanne het dit hoe moeiliker gegaan om die volk in toom te hou.

’n Groot volksvergadering is weer belê om op 10 Desember 1879 op Wonderfontein, Potchefstroom te vergader.

Hier was sowat 6,000 burgers teenwoordig nieteenstaande deur die Spesiale Hoë Kommissaris, Sir Garnet Wolseley, ’n proklamasie uitgevaardig is waarin die burgers ernstig gewaarsku is as hulle voortgaan om oproer te stig. Kruger was die hoofspreker en het vir die soveelste maal die hele verloop van sake meegedeel. By hierdie geleentheid het G. Scheepers met N.J. Smit aan die hoof en 400 perderuiters na Kruger se tent gekom met die vierkleur en gesê: “Hierdie vlag wat u hier sien, is die simbool van ons eenheid en ek vertolk die gevoele van al my vriende en volgelinge hier wanneer ek u verseker dat ons bereid is om goed en bloed vir die vlag te offer en dit weer te plant op ons vrye en onafhanklike grond”.

Die volk was oorgehaal, maar nog het Kruger hulle nie toegelaat om hande uit te ruk nie. Hulle moes tot die uiterste getoets word. Hy het sy volk menigmaal laat verstaan dat hulle lojaal teenoor hul landgenote moet

wees. Deur sy optrede hier, daar en oral was Kruger besig om sy volk in eensgesindheid saam te snoer.

’n Volksbesluit is geneem wat feitlik ’n onafhanklikheidsverklaring was, waarvan die vernaamste punte dat die volk van die Suid-Afrikaanse Republiek nooit onderdane was van Haar Majesteit nie en geen begeerte het om dit te wees nie; dat dit die begeerte van die volk was dat die Regering van die Republiek, wie se taak deur anneksasie onderbreek was, weer herstel sou word, dat die Volksraad so spoedig moontlik opgeroep sal word.

Van hierdie besluit is Sir Garnet Wolseley in kennis gestel en al spoedig is die twee ondertekenaars Bok en Pretorius in hegtenis geneem, die eerste in Pretoria en die laaste in Potchefstroom.

Hierdie optrede van Wolseley het ’n kommando gewapende burgers na Pretoria laat opruk, maar Kruger, wat op weg was na Potchefstroom, het hulle teëgekom en met groot moeite hulle van hul voorneme laat afsien. Deur sy bemiddeling is Pretorius onder borg weer vrygelaat wat reeds in Pretoria met Bok gebeur het.

Onderwyl stormwolke in Transvaal saamgepak het, was die Kaapse regering druk besig om die Konfederasie-plan van Carnarvon en later van Hicks te bespreek.

Dit was te verwagte. Die Engelse Regering het tot verwesenliking van die plan reeds die eerste stap gedoen, nl. die anneksasie van Transvaal; nou moes die Kaapkolonie sy goedkeuring aan die plan heg en as dit sou gebeur dan kan maklik met die Oranje-Vrystaat afgereken word.

Nieteenstaande die geweldige moeilikhede in Transvaal, het die Boere-voormanne gevoel dat so ’n stap van die Kaapse Regering fataal vir die Afrikanerdom sou wees en daarom is Kruger en Joubert gestuur om ook daardie gevaar, indien moontlik, af te wend.

Hulle het gegaan en vergaderings op verskillende plekke toegespreek en in die woorde van Kruger is die landgenote in die Kolonie gewaarsku om nie hulle hande te was in die bloed van hulle broers nie.

Die kragtige optrede van Kruger en Joubert het seer seker daartoe bygedra dat die Kaapse Parlement die Konfederasieplan nie goedgekeur het nie.

Hier is dus aanvanklik ’n oorwinning behaal op die Britse insluk-politiek, wat ongetwyfeld die Transvaalse burgers moed gegee het in hul moeilike stryd.

Terwyl hulle nog in Kaapstad was, het die berig gekom dat die Tory-regering onder Lord Beaconsfield vervang was deur die Liberale van Gladstone. Dadelik het in herinnering gekom hoe hy, terwyl hy in die opposisie was, die anneksasie van Transvaal veroordeel en die reg van die volk erken het in hul stryd om weer hul onafhanklikheid te kry.

Die hoop herleef in die harte van Kruger en Joubert en dadelik rig hulle van Kaapstad af 'n brief aan Gladstone.

Op 8 Junie 1880 het Gladstone geantwoord in die trant van die troonrede onder sy administrasie op 21 Mei gelewer.

Sy antwoord was 'n totale verloëning van die standpunt wat hy as opposisieleier ingeneem het: "met die oog op al die omstandighede sowel van die Transvaal as die orige dele van Suid-Afrika en met die oog op die noodsaaklikheid om hernuwing van wanordelikhede te voorkom wat tot rampspoedige gevolge kan lei, nie alleen vir Transvaal nie, maar vir die hele Suid-Afrika, is ons oordeel dat die Koningin nie geadviseer kan word om haar soewereiniteit oor Transvaal te laat vaar nie". Hy gaan verder en verklaar dat hulle volle vryheid aan Transvaal as 'n lid van die Suid-Afrikaanse Konfederasie gegee kan word. (Nathan).

Dis begryplik dat so 'n antwoord by die Transvalers verbasing verwek het: so 'n omswaaiery sonder om te blik of te bloos by die eerste staatsman van Engeland het seer seker en veral by Kruger, op benouende wyse die wysheid van die Skrifwoord tuisgebring: vertrou nie op prinse, op die mensekind by wie daar geen heil is nie.

Vir almal was dit nou volkome duidelik dat langs die weg van memories, petisies en onderhandelinge geskonde regte nooit herstel sou word nie. Daarom is besluit om verder geen volks byeenkomste meer te hou nie, maar om in alle stilte te probeer om wapens en skiet-voorrade in hande te kry.

In hierdie opsig was die burgers baie swak voorsien, so selfs dat toe die stryd ontbrand het, het elke burger nie meer as vyftien patrone gehad het nie. Hierdie omstandigheid was by Lanyon baie goed bekend; vandaar dat hy in 'n private gesprek met Kruger hom gevra het: "waar sal jy wapens en ammunisie kry?"

"Jy sal vir my stuur", antwoord Kruger en wys met sy vinger reg na Layon se bors.

Dit het nie meer lank geduur nie of sake het die krisispunt bereik.

Piet Bezuidenhout van Potchefstroom, afstammeling van die Bezuidenhout van Slagtersnek, het die vuur aan die brand steek.

Reeds in die helfte van 1880 het hy vrywillig ’n week tronkstraf ondergaan, liewer as om £5 boete te betaal omdat hy sonder permit kruit verkry het. Later in die jaar is hy weer gedagvaar om sy belasting te betaal, ’n som van £27-5-0, of omtrent £14 meer as wat hy werklik skuldig was.

Hy het voor die Landdros A. Goetz verskyn en sy bereidwilligheid te kenne gegee om die £14 te betaal onder voorwaarde dat dit bewaar en oorhandig word aan die Suid-Afrikaanse Republiek as teen die volgende Januarie die onafhanklikheid herstel sou word. Goetz het die saak na Pretoria verwys en om instruksie gevra. Toe die saak weer voorkom, het Goetz hom gewillig verklaar om die aanbod van £14 aan te neem, mits Bezuidenhout ook die koste betaal, wat (inderdaad baie snaaks!) presies £13-5-0 beloop het, sodat die totale som maar weer £27-5-0 was.

Bezuidenhout het natuurlik geweier, waarop sy wa beslag geneem is, wat op 11 November om 11 vm. by publieke veiling verkoop sou word.

Hierdie houding van Bezuidenhout het ook ander aan die gang gesit. So het Piet Cronje met 130 man op 8 Oktober na die Landdros gekom en verklaar dat hy sy mense die belastings, waarvoor hulle aangeskryf is, sal betaal onder dieselfde voorwaarde as wat Bezuidenhout gestel het. Toe later bekend geword het wat die vonnis teen Bezuidenhout was, het Cronje met omtrent 100 man op die dag waarop die wa verkoop sou word, hulle verskyning gemaak en nadat Moquette, die bode van die hof, begin het om die verkoopvoorwaardes van die wa voor te lees, het Cronje na die wa gestap, Moquette daar afgehaal en hom gelas om pad te gee. Die burgers het om die wa gaan wagstaan totdat ’n span osse verkry is waarmee die wa na Bezuidenhout se plaas teruggebring is.

Die vet was in die vuur. Onmiddellik is Bezuidenhout en nog ’n man deur Cronje na Kruger gestuur, wat ook dadelik gekom het.

Sowel die Boere as ’n regerings-offisier, Komdt. Raaf, het die saak aan Kruger voorgelê, ’n onbetwisbare bewys dat hy die groot leier was tot wie albei partye opgesien het.

Onomwonde het Kruger, toe die offisier hom vra of hy nie erken dat dit openlike rebellie is nie, geantwoord: “Ek sou dit erken, as ons van ons kant die anneksasie erken het; maar dit het ons nie gedoen nie. Ons beskou ons nie as onderdane van Engeland nie en die belastingkwessie raak nie net

Bezuidenhout nie, maar is 'n beginselkwessie wat die hele land aangaan". (Nathan).

Tog was Kruger nie onwillig om weer sy invloed te gebruik om die burgers te laat bedaar nie en het gesê: "Ek het gekom om bloedvergieting te voorkom. Hier sien u al die gewapende manne en hulle is beslis om te veg. As dit in my mag is, sal ek probeer en alles in my vermoë doen om te verhinder dat hulle handgemeen raak. Vir jare het ek my ingespan om dit te doen: maar dit is nou die laaste en finale poging wat ek sal doen. As hulle nie na my wil luister nie, dan moet ek my hande in onskuld was en ek kan met waarheid sê dat ek my uiterste gedoen het". (Nathan).

Die onderhandelinge het tot niks gelei nie. Op Kaalfontein, Potchefstroom, is toe besluit om die volks-byeenkoms wat reeds op Paardekraal, Krugersdorp bepaal was op 8 Januarie 1881, liewer te hou op 8 Desember 1880.

By proklamasie het die regering dit verbied, maar op die bepaalde dag was die burgers bymekaar, tussen 8,000 en 10,000. Op voorstel van Kruger is 'n driemanskap gekies: Paul Kruger as Visepresident, Piet Joubert as Kommandant-generaal en M.W. Pretorius; verder is besluit dat die regering van die S.A. Republiek sy werksaamhede moet hervat ooreenkomstig die besluit wat reeds op 10 Desember 1879 geneem is.

'n Proklamasie is uitgevaardig wat in Potchefstroom by die drukkery van Borrius gedruk is, waar Piet Cronje met 400 gewapende manne die wag gehou het; die Volksraad is opgeroep en Heidelberg, waar geen Engelse garnisoen was nie, is voorlopig beskou as die setel van die Boere-regering.

Geen oorlog is verklaar nie. Die Transvaalse volk het onder leiding van hul Driemanskap net weer hulle eie Regering herstel nadat al hul poginge om herstel van onreg te verkry, misluk het. Hierdie stap het egter onvermydelik tot wapengeweld gelei, waarvan die beslissende slag Amajuba was, op Sondag 27 Februarie 1881.

Hierdie oorwinning was so uitstaande 'n prestasie dat Engeland geweldig in sy eer getref is deur 'n handjie vol dapper Boere. Hulle egter met hul voormanne, daarin voorgegaan deur Kruger en Joubert, het ootmoedig erken dat dit kennelik die hand van die Here is. So sê Kruger in die dagorde wat op 7 Maart 1881 deur hom uitgevaardig is o.a.: "Ons roem nie in menslike krag nie, dit is God die Here wat ons gehelp het – die God van ons Vaders tot wie ons die vyf laaste jare ons gebede en smekinge opgestuur het. Hy het groot dinge aan ons gedoen en ons gebede verhoor".

Dit is ootmoedige en nederige taal soos ’n mens van die groot Calvinistiese leier kan verwag.

Die einduitslag van die Eerste Vryheidsoorlog was na al die onderhandelinge, waaraan Kruger van die begin af deelgeneem het, die Konvensie van Pretoria wat deur beide partye op 3 Augustus 1881 geteken is.

Van die begin af was Kruger nie tevrede nie, veral omdat die onafhanklikheid van die Republiek onderhewig was aan die heerskappy van Engeland wat feitlik vir Engeland as die bo-baas oor Transvaal erken het sodat bv. ooreenkomste met ander moondhede alleen vir die Engelse regering in Engeland, kon geskied.

Waarom Engeland op hierdie punt nie wou toegee nie, is duidelik: die verpletterende neerlaag op Amajuba moes op ’n manier goedgemaak word. Engeland moet tog maar die seggenskap behou en as ’n groot bo-baas geld.

Kruger het tydens die onderhandelinge hom teen hierdie eerste artikel van die Konvensie heftig verset, maar toe na herhaalde pogings geen verandering kon verkry word nie, het hy hom na omstandighede geskik, maar uitdruklik verklaar dat hy nie sou rus voordat ’n verandering daarin aangebring is nie.

Op 8 Augustus 1881 is die Vierkleur weer in Pretoria gehys en ’n proklamasie van die Driemanskap voorgelees.

Kruger het op 15 Augustus rapport aan die Volksraad gedoen. Daarna is ’n nuwe eleksie van die Volksraad gehou en op 22 September het hy die nuwe Volksraad toegespreek. Oor die Konvensie het daar harde woorde geval, maar Kruger het die Volksraad beweeg om dit te bekragtig. Vir ’n tyd het Kruger hom op sy plaas in Rustenburg teruggetrek.

Betekenisvol was hierdie Transvaalse stryd vir die ganse Afrikanerdom in Suid-Afrika. Vir die kolonialer onder sterk Engelse invloed was die Vaalpens ’n soort kuriositeit met snaakse maniere en taamlik onbeskaafd, eintlik iemand wat met die beskawing (soos die sterk Engelse georiënteerde Kolonialer dit verstaan het) niks te doen wil hê nie. die worstelstryd egter van die Transvalers het die skille van baie se oë laat afval. Die gevoel van samehorigheid het ontwaak en daar is besef dat die aspirasies van die Transvalers diep sluimerend ook in die Afrikaner-hart van die kolonialer is. Oor die oorwinning van Amajuba het ook daardie Afrikaner-hart gejuig en het gesê: dis my volk daardie. Die Afrikaner-

bewussyn het tot ontwaking gekom, soos nooit tevore nie en sou in die komende jare aanwas tot nasie bewussyn van ’n eie roeping en ’n eie deur God bepaalde bestemming.

En die groot krag-figuur in daardie stryd was Paul Kruger. Hy was die man deur God geroep om die vlam van vryheid brandende te hou in die Afrikaner-hart en sluimerende kragte wakker te roep. Die volharding en standvastigheid in sy leiding het nie alleen bewondering gewek nie, maar ook geïnspireer. Die reuse-figuur met sy massiefheid wat persoon en karakter betref, het hom bo al sy tydgenote laat uitstaan, maar terselfdertyd by vriend en vyand eerbied afgedwing en daarby eerbied vir sy volk. Hy was miskien die suiwerste verpersoonliking van die egte Afrikaner, wat die moed, krag, meer nog: die geloof gehad het om ’n magtige leeu aan te durf.

Met die oorwinning van die Boere onder Kruger se leiding is die nekslag gegee aan Engeland se Konfederasie-planne in Suid-Afrika. Hierom het Amajuba nie alleen groot ontsteltenis aan Engelse kant verwek het nie, maar die ineenstorting van hulle listig – gesmede planne en die ontwaking van die Afrikaner-nasie. Hierom het die naam Amajuba ingebrand in die imperiale siel en die imperialiste laat besef dat daardeur geweldige kragte in Suid-Afrika wakker geroep is. Die kragte is later, wel smalend, maar tog tierend “Krugerisme” genoem.

Hierteen het die stryd verder gegaan en gaan dit vandag nog voort.

(Vervolg.)

---

# Vermanende brief van Adrianus Haemstedius aan die owerheid van Antwerpen, in die jaar 1559 N.C.

## Die ware Godsdiens was verban en die tempel eensaam en verlate!

**"Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys."**

Tot so 'n val sal 'n verloregaande wêreld kom, omdat die liefde tot die Waarheid en tot die Saligheid by hulle ontbreek. Daarom sal hulle deur 'n dwaling weggevoer word, volgens die woorde, in 2 Thess. 2 vers 9 tot 12:

**"hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid."**

Elkeen wie soos 'n Farao die Woord van die HERE verloën en minag, deurdat hulle die volk van die HERE met geweld onderdruk, sal ook uiteindelik in die waters van die verderf versink en vergaan. Dink maar aan Kaïn en elke bloeddorstige persoon tot vandag toe, te alle tye was God 'n wreker van die bloed van Sy uitverkorenes. Wat 'n verskriklike einde het koning Saul gehad, nadat hy Dawid so menigmaal agtervolg en die priesters van die HERE met die swaard gedood het, volgens die getuienis, in 1 Sam. 31 vers 4:

**"En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en deurboor my en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin."**

En Jerobeam, wat oor Israel aangestel is, hy word saam met sy hele geslag deur die HERE verdelg omdat hy die profete en leraars van die HERE verdryf en ‘n valse godsdiens aan die volk voorgehou het. En Koning Agab, nadat hy die onskuldige Nabot onregverdiglik ter dood veroordeel het, lees ons, in 1 Kon. 22 vers 34:

**“Toe het ‘n man in sy eenvoudigheid die boog gespan en die koning van Israel getref tussen die aanhegsels en die pantser.”**

Ons lees ook verder, in vers 38:

**“En toe hulle die wa uitspoel by die dam van Samaría, het die honde sy bloed gelek”**

En Isebel, die vrou van Agab, nadat sy die profete van die HERE vermoor het en Jehu die dood oor haar uitspreek, volgens die woorde, in 2 Kon. 9 vers 33: 35,36).

**“en hy** (Jehu) **sê: Gooi haar af! En hulle het haar afgegooi, sodat van haar bloed teen die muur en teen die perde gespat het, en hy het haar vertrap.”**

Verskriklik die uiteinde, volgens vers 35 en 36:

**“Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, kry hulle van haar niks nie as net die hoofskedel en die voete en die handpalms. Daarop kom hulle terug en gee hom dit te kenne; en hy sê: Dit is die woord van die HERE wat Hy deur die diens van sy kneg Elía, die Tisbiet, gespreek het, naamlik: Op die dorpsgrond van Jísreël sal die honde die vlees van Isébel eet.”**

God se hand is tot vandag toe nie te kort om die wreedheid van die onderdrukkers te straf en die bloed van Sy martelare te wreek nie. Die duiwel en sy aanhangers verhef hulleself, ja, hulle vervolg elkeen wie deur die Woord in Gees en Waarheid voortgelei word, hulle wat die werke van die duisternis bestraf en die opdrag, in Matt. 28 vers 19, gehoorsaam:

**“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige**

**Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."**

Hierdie opdrag is vir die duiwel en sy aanhangers 'n ergernis, dit moet en mag nie gehoorsaam word nie. Hulle wat volgens die bevel van die HERE preek en die valsheid bestraf, word verleiers en oproermakers genoem. Hulle, wie die Sakramente volgens die bevel van die Here Jesus Christus bedien, die brood en die beker van Danksegging aan die tafel van die Here, hulle word valse leraars genoem. Ons sien hoedat die duiwel dit regkry om deur sy handlangers die rolle om te ruil. Daarom hierdie uitdruklike waarskuwing, in Jes. 5 vers 20:

**"Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter."**

Net soos Amasia wat die volk tot afgodery verlei het, terwyl die Amos, priester van die HERE beskuldig word, volgens die woorde, in Amos 7 vers 10:.

**"Toe het Amásia, die priester van Bet-el, Jeróbeam, koning van Israel, laat weet: Amos het 'n sameswering gesmee teen u midde-in die huis van Israel; die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie."**

Elia word deur koning Agab as 'n oproermaker beskuldig, omdat hy die Baälpriesters oor hulle afgodery bestraf het. Christus word deur die geestelikes by die wêreldlike owerheid as 'n oproermaker aangekla. Paulus word deur die Joodse priesters voor die Romeinse regter as 'n oproermaker en 'n voorstaander van 'n sekte beskuldig. So moet dit ook met 'n Christen gaan, soos dit met die Apostels en die Profete gegaan het. Waar vind mens dit, dat die valse profete en leraars deur die wêreld vervolg word, nee, die wêreld bemin altyd haar eie, hulle vervloek, dood en verbrand die wat deur Christus uitverkies is. Daarom dan, let op die onvervalsde Woord van die Here, wat 'n Lig vir u voet sal wees, sodat u in die duisternis nie struikel nie. Bedink en besef dat wanneer u God se dienaars voor u het, Christus self voor u staan en dat Hy tot u spreek en sê: "Waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop." Aangaande Sy uitverkorenes sê Hy, in Ps. 105 vers 15:.

**“Raak my gesalfdes nie aan en doen my profete geen kwaad nie.”**

Beloon hulle goeie dade, daarom vra ek en vermaan ek u deur onse Here Jesus Christus, om u te weerhou van die bevlekking van u hande met die bloed van die regverdiges. Wil u die antichris op sy setel verhef, dan sal u tot ‘n voetbank vir die voete van Christus gemaak word. Die HERE, ryk in barmhartigheid, sal Hom oor u ontferm en aan u vrede gee. Volg die voorbeeld van koning Manasse; beween u sondes en die Here sal u genadig wees. Want Hy soek nie die dood van sondaars nie, maar Hy wil hulle bekeer en laat lewe.

## **Gebed.**

O Almagtige en barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus, verlig deur U Heilige Gees die duistere oë en donkere harte, veral dié van die owerhede; sodat hulle mag sien in Wie hulle gesteek het; en hulle die Here van alle heerlikheid en die Koning van alle konings mag bely; sy Naam heilig; sy gemeente beskerm en so hulle stadspoorte geopen word om die Koning van alle heerlikheid te ontvang.

Amen.

**ADRIANUS HAEMSTEDIUS.**
*ANTWERPEN, in die jaar, 1559, van onse Here.*

# KALENDER.

**Geskiedenis:**

**1 Julie 1523** – Jan van Essen en Hendrick Vos, word gedwing om hul geloof af te sweer anders sterf hulle. Deur die Genade is hulle die eerste Lutherse martelare van die Reformasie en word hulle lewend verbrand in Brussel.



**1 Julie 1555** – John Bradford word lewend verbrand as ketter tydens die bewind van Mary Tudor.

**1 Julie 1765** – Negentienjarige Chevalier de la Barre word onthoof en verbrand te Abbeville, Frankryk, vir die verminking van 'n beeld van Christus wat op 'n brug van die stad gestaan het.

**1 Julie 1953** – J.D. du Toit (Totius) oorlede, hy was 'n instrument in die hand van ons Hemelse Vader om die Bybel vanuit die oorspronklike Tale oor te sit in Afrikaans.

*"Daar sal geen doodsvrees wees nie. My Verlosser sal my tegemoetkom en my lei na die heerlike geweste van die drieënige God, van sy engele en gesaligdes. Laat my dierbares deur Gods genade tog die pelgrimspore volg, ja ook alle gelowiges!*

*Genade, alles genade."*



**2 Julie 1505** – Angsbevange deur 'n donderstorm, beloof Martin Luther om 'n priester te word en kort daarna sluit hy aan by die Augustyner monnike.

**4 Julie 1533** - John Fryth sterf op die brandstapel in opdrag van Koning Henri VIII van Engeland. Fryth word van kettery beskuldig, hy was 'n Protestant wat saam met William Tyndale gewerk het.

**5 Julie 1581** – Op versoek van die State van Holland en Zeeland, aanvaar Willem van Oranje volmag en soewereine leierskap van hierdie lande, tot die einde van die oorlog teen Spanje. Hierdie oorlog was tussen die Protestante en die Katolieke.

**5 Julie 1836** - Lang Hans van Rensburg (Johannes Jacobus), leier van een van die twee groepe van die Groot Trek, asook sy trekgeselskap word in Mosambiek deur krygers van Manukozi oorval en vermoor.



**6 Julie 1415** - Johannes Huss, Tsjeggiese Hervormer, sterf op die brandstapel te Konstanz. Hy het deur die Genade baie geywer om die Bybel vir die 'gewone' mense beskikbaar te stel. Op die brandstapel roep hy uit: *"Met blydskap sal ek met my bloed die waarheid van die Evangelie verseël wat ek ook verkondig het."* Nog bekende woorde van Huss, wat later waar geword het, was die volgende: *"Julle verbrand nou 'n gans* (sy naam in Tjeggies beteken, 'Gans'), *maar binne die volgende eeu gaan julle 'n swaan hê wat julle nie sal kan kook nie."* Dit het moontlik na Maarten Luther verwys.



**6 Julie 1527** - Terwyl vriende vir ete arriveer, ervaar Luther skielik 'n vreeslike gedruis in sy linker oor, en gaan lê, hy roep uit: *"Gee vir my water anders sterf ek!"* Hierna het hy 'n baie erge neerslagtigheid beleef, waarin ons Hemelse Vader aan hom die woorde vir die Lied: *"'n Vaste Burg is onse God,"* gegee het as bemoediging.

**7 Julie 1522** – Die stadsraad van Zurich het Conrad Grebel en drie vriende, almal volgelinge van Zwingli, opgeroep en verbied om in hulle preke uitsprake teen monnike te maak.

**10 Julie 1509** - Johannes Calvyn, is op hierdie dag in Noyon, Frankryk gebore. Hy studeer vanaf 1525 teologie in Parys, maar hy sien sy roeping om die kerk te hervorm volgens die suiwer Bybelse voorwaardes, asook die uitbreiding van die suiwere Leer van die Evangelie.

As gevolg van die voortdurende Godsdiensvervolging vlug hy in 1535 na Basel. In 1536 verskyn die eerste uitgawe van sy groot leerboek, die Institusie van Calvyn. In dieselfde jaar word Calvyn deur Farel oorgehaal om vanuit Genève die Kerkhervorming te organiseer. Calvyn en sy medewerkers word uit Genève verban en hy word predikant van die Franse gemeente in Straatsburg. Gedurende hierdie verblyf ontmoet hy Bucer en Melanchton.

In 1541 word hy gevra om terug te keer na Genève, waar hy deur ons Hemelse Vader gebruik word om die stad te hervorm tot Bybelse beginsels. Intussen gee Calvyn ook leiding in verband met die leer en organisasie van die Kerkhervorming in Engeland, Skotland en dele van Duitsland, Pole, Hongarye en Nederland, sodat sy invloed uiteindelik ook na Suid-Afrika gekom het. Gedurende hierdie tyd tot met sy dood op 27 Mei 1564, in Genève, skryf Calvyn ook sy beroemde kommentare oor byna al die Bybelboeke. Vanaf 1555 is Calvyn die onbetwiste leier in Genève, en in 1559 verskyn die laaste uitgawe van sy 'Institusie' en stig hy die beroemde Akademie van Genève, waarin 'n hele aantal teoloë en kerkleiers hulle opleiding ontvang het.



**13 Julie 1974** – Inwyding van die 1820 Britse Setlaars Monument te Grahamstad.





**14 Julie 1894** - Johannes Gerhardus Strijdom, gebore op hierdie dag op Klipfontein in die distrik Willowmore. Nadat dr. Malan uitgetree het, word Strijdom op 30 November 1954, die vyfde Eerste Minister van Suid-Afrika. Sy bewind was maar van korte duur as gevolg van sy gesondheid. Vanweë sy vurigheid is hy, *die Leeu van die Noorde,* genoem. Op 24 Augustus 1958 is hy oorlede.

**14 Julie 1904** - Pres Stephanus Johannes Paulus Kruger, Gereformeerde krygsman, Staatsman, volksleier en laaste Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek, is op hierdie dag in Clarens in Switserland oorlede. Twee weke voor sy dood skryf hy: *"Gebore onder de Engelsche*

*vlag, wens ik niet daaronder te sterven."* Hy is op 16 Desember 1904 in die Heldeakker in Pretoria te ruste gelê.





**15 Julie 1932** - Langenhoven is oorlede in sy woning *Arbeidsgenotte,* Oudtshoorn. Langenhoven word veral onthou as die instrument in die stryd vir die erkenning van Afrikaans, die Taal van die Afrikaner. In 1918 skryf hy, *Die Stem van Suid-Afrika*, wat in 1957 ons amptelike Volkslied geword het.

*"Om jou een, eie taal tot nut te gebruik,*

*Is 'n groter kuns as om sewe vreemde*

*tale by te leer."*

C.J. Langenhoven.

**16 Julie 1982**– Pres. C.R. Swart is op die ouderdom van 87 jaar in Bloemfontein oorlede. Hy het as vyfjarige seun die smarte van die konsentrasiekamp tydens die Tweede Vryheidsoorlog in Winburg beleef. Later het hy as advokaat in die Bloemfonteinse Hooggeregshof (1919-1948) opgetree, hy was die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika (1961-1968).

**18 Julie 1504** - Heinrich Bullinger gebore, sy kinderjare was vol opwinding, beide goed en sleg. Terwyl hy nog 'n baba was, het hy 'n pes opgedoen en is hy as dood beskou. Hy was inderdaad op die punt om begrawe te word totdat hy tekens van lewe getoon het. Later het 'n boemelaar Heinrich ontvoer, maar hy is vinnig gered toe verbygangers hom in sy ontvoerder se hande herken het.

Op driejarige ouderdom kon klein Heinrich die *Onse Vader* en die *Apostoliese Geloofsbelydenis* opsê. Nege jaar later het sy ouers hom na die laerskool van Emmerik gestuur. In sy laat tienerjare het hy die Bybel, die kerkvaders en die hervormers begin bestudeer.

Bullinger het saam met Ulrich Zwingli, die hervormer van Zürich gestudeer. Nadat Zwingli in die Slag van Kappel gesterf het is Bullinger die vakante preekstoel van Zürich aangebied en hy het dit aanvaar. Hy sou daar vir meer as veertig jaar die prediking waarneem. Hy is met Anna Adlischweiler getroud en het elf kinders gehad. Sy gasvryheid teenoor Protestantse vlugtelinge tydens die vervolging van Mary Tudor in Engeland, het hom baie betrokke gemaak in die Kerk van Engeland nadat dit onder leiding van Elizabeth I herstel is.




**20 Julie 1901** - Met Gezina Kruger se afsterwe op hierdie dag het sy pres Kruger diep bewoë en verslae in ballingskap agtergelaat. Vir meer as 55 jaar, het sy hom as troue lewensmaat in voor- en teëspoed bygestaan. Uit hulle huwelik is sestien kinders gebore.

Gezina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis is gebore op 6 Mei 1831 en maak as kind die Groot Trek mee in die Potgieter trek.

Gezina het jare lank met swak gesondheid gesukkel en etlike kere by die dood omgedraai. Aan haar man se toenemende openbare bedrywighede het sy nie deelgeneem nie, sy verskyn op geen foto waar die President in die openbaar verskyn nie. Saam met die President besoek tant Gezina Sondae die Gereformeerde Kerk in Kerkstraat Pretoria.

Kort voor haar dood was haar laaste boodskap aan haar man, dat hy sy vertroue in God moet stel. Toe pres Kruger op 29 Mei 1900 in ballingskap vertrek het, kon sy hom weens swak gesondheid nie vergesel nie. Dit moes 'n bitter afskeid gewees het met die wete dat hulle mekaar waarskynlik nooit weer sou sien nie.

Op 20 Julie 1901 het Tant Gezina sag en berustend heengegaan. Deur die Genade van ons Hemelse Vader was sy 'n voorbeeld van die geseënde vrou, waarvan ons in Spreuke 31 lees.




**26 Julie 1879** - Salomon Gerhardus (Manie) Maritz is in Kimberley gebore.

**26 Julie 1649** - L Janszen en M Proot het hulle Remonstrantie, wat gebaseer was op die ervarings van die skipbreukeling van die Haarlem, aan die Kamer van Amsterdam oorhandig. Jan van Riebeeck is later as Goewerneur aangestel en geroep om die Gereformeerde Leer aan die Suidpunt van Afrika te vestig.


**27 Julie 1863** - Susanna Catharina Maritz, suster van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz, is op 28 Augustus 1799 in Uitenhage gebore. Sy is met Erasmus Smit in die huwelik bevestig. Twee seuns is uit hierdie huwelik gebore naamlik Salomon (genoem na genl. Manie Maritz) en Hermanus Samuel George. Susanna se woorde dat die Voortrekkers eerder kaalvoet oor die Drakensberge sou terugkeer as om onder die Britse vlag te staan.



**30 Julie 1547** - John Knox word deur die Franse gevange geneem. Uiteindelik het hy ontsnap en 'n leier van die Skotse Hervorming geword.

---

# Blokkiesraaisel 7.




Vul al die antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

**Af:**

2. Jakob se eersgeborene.
3. By die …dorsvloer het hulle 'n baie groot en swaar rouklag gehou.
4. Die hoeveelheid siele van Jakob se huis wat in Egipte aangekom het.
5. Seuns vir Josef in Egipte gebore- …. en Efraim.
7. Die landstreek wat Farao aan Jakob en sy familie gegee het.
8. Die seun van Jakob wat hy vooruit na Josef gestuur het om die pad te vra.
9. Watter deel van hulle oes moes die Egiptenare aan Farao gee?

**Dwars:**

1. Wie het nie hulle grond aan Farao verkoop nie?
6. Die plek waar die HERE aan Jakob verskyn het, voor sy vertrek na Egipte.
10. Wie is volgens Jakob so vry soos 'n wildsbok?
11. ... dae het die balseming geduur.

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 46 - 50 en beantwoord die vrae.

**Vrae:**

**Jakob en Josef in Egipte:**

1. Volgens die woorde van die HERE aan Jakob, wie sal sy oë toedruk?
2. Waar het Jakob die waens gekry vir sy trek na Egipte?
3. Wat is Josef se twee seuns se name?
4. Wat was die seuns van Bilha se name?
5. Wat was Josef se reaksie toe hy sy vader weer sien?
6. Hoeveel broers het Josef saamgeneem na Farao?
7. Wat moet Josef op Farao se bevel doen met die bekwame manne onder sy broers?
8. Hoe oud was Jakob toe hy voor Farao verskyn het?
9. Wat moes die Egiptenare aan Josef gee in ruil vir koring nadat hulle geld op was?
10. Waarom het die priesters nie hulle grond aan Farao verkoop nie?
11. Wat moes Josef aan Jakob sweer?
12. Watter seun van Josef was die oudste?
13. Wat het gebeur toe Jakob Josef se seuns seen?
14. Volgens Jakob is Juda 'n jong ...?
15. Waar in Genesis 49 sien ons duidelik die verkondiging van Jesus se koms?
16. Wie is in die spelonk van Magpela begrawe?
17. Wat was Josef se reaksie toe sy vader sy laaste asem uitblaas?
18. Wie het Jakob gebalsem?
19. Hoe lank het die Egiptenare oor Jakob gerou?
20. Wie het saam met Josef opgetrek om Jakob te begrawe?
21. Hoe oud was Josef met sy dood?

# <u>GEMEENTE NUUS.</u>

## <u>Verjaarsdae:</u>

- 17 Julie – Jané Young.
- 21 Julie – Mollie de Wet.

---

- **Doop: (29 Junie 2025)**
  Jacoba Johanna Momberg.



---